Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die Ossewabrandwag het in twee jaar £34,000 ingesamel vir sy politieke stryd teen kapitalisme en imperialisme. Dit is die uitlewing van sy NASIONALISME*

# Die O.B.



*Die Ossewabrandwag het in twee jaar £50,000 ingesamel vir die onderhoud van afhanklike gesinne van geïnterneerdes. Dit is die uitlewing van sy SOSIALISME*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 5 JULIE 1944. No. 33.

# Waarborg van £50,000 aan Afrikanervolk

## VELDKORNETSKAP MIK HOOG VIR 8 AUG.

Die veldkornetskap van Tamboerskloof (Kaapstad) onder leiding van hul flukse veldkornette mev. E. van der Westhuizen, het op 23 Junie 'n basaar in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou gehou vir 8 Augustus en die mooi bedrag van £31 (wins) ingesamel. **Verklaar word dat dit die grootste bedrag is wat enige funksie in die Komiteekamer nog opgelewer het.** Die ondersteuning was baie geesdriftig en o.a. was ook teenwoordig die Kommandant-generaal.

**Die veldkornette verklaar dat hulle vanjaar baie hoër sal gaan as verlede jaar. Die woekergelde van die ywerige vroue begin inkom, en sommige het soveel as £3 ingebring.**

## S.A. KOMMUNIS SIEN GEVAAR IN O.B.

Volgens berig in The Guardian het die Kommunistiese Party in Suid-Afrika sy werwingsveldtog verlede week in Kaapstad begin met 'n vergadering waarop die sprekers veral die gevaar van die Ossewabrandwag onderstreep het. Adv. Snitcher het 'n hewige aanval op die O.B.-leiers gedoen.

## GROOT LAERTREK OP NYLSTROOM

Op 2 en 3 Junie het 'n groot sametrekking op Nylstroom plaasgevind. As sprekers het opgetree die Kommandant-generaal, genl. Dirk van Rooy, Jeugleier, gebiedsgeneraal H. M. van der Westhuizen en genle. mev. C. Rautenbach.

Die K.G. het in 'n kragtige rede 'n oorsig van die O.B. se stryd gegee. Genl. Van Rooy het beklemtoon dat die jeug nog steeds die optimisme van die Boerevolk verteenwoordig het, en dat hulle ook vandag gaan deurbyt in die stryd.—(Ingestuur.)

## HEILBRON ROU OOR VERLORE VRYHEID

Die verlies van ons vryheid is op 31 Mei deur die Brandwagte van Heilbron onder leiding van komdte. H. Booysen en D. Wolfaardt herdenk. Die verrigtinge is geopen deur 'n toespraak van hoofgenl. Japie van der Merwe in die stadsaal, vanwaar 'n optog na die konsentrasiekamp-kerkhof plaasgevind het. Hier het ds. G. Wessels die diens gelei, waarop hoofgenl. S. J. Stander die woord gevoer het.

Ons gedagtes is teruggevoer na die verlede toe ons moes vaarwel sê aan ons dierbare vryheid waaroor ons vandag nog rou bedryf. Maar ons het ook gekom om hulde te bring aan hulle wat hul lewe afgelê het vir die vryheid, en ons roem hulle nagedagtenis.

Mev. genle. Japie van der Merwe het na 'n kort toespraak die krans gelê, waarop die koor „Gedenk" gesing het. Ds. L. L. Nel het afgesluit met gebed.

Hierna is die optog na die Burgermonument, waar genl. prof. dr. Cronje die woord gevoer het.

Hier het genl. Meyer na 'n paar aanhalings van wrede gebeurtenisse uit die Engelse oorlog die krans gelê.

Die koor het „Slaap rustig dappere helde" gesing, waarop ds. Nel met gebed gesluit het.—(Ingestuur.)

## Noodhulpfonds Donderende Bewys Van O.B. se Sosialisme

### Beweging wat Werkers Ook Gaan Red

**Die Noodhulpfonds van die Ossewabrandwag waarmee die afhanklikes van die geïnterneerde en gevange Afrikaners ondersteun word, het aan die einde van Mei reeds die £50,000-kerf met 'n paar honderd pond oorskry. Dit beteken dat die Ossewabrandwag binne twee jaar en vier maande meer as £50,000 uit sy eie sak bygedra het vir die instandhouding van mede-Afrikaners wat vir hul oortuiging ly.**

Die Ossewabrandwag het by die aanvang van sy stryd teen die kapitalistiese Empire 'n eed gesweer dat hy sy mede-Afrikaner nie in die stryd sal verlaat nie. **Hy het daardie eed gehou en geeneen van die duisende Afrikanerkindertjies het in die afgelope twee jaar gebrek gely nie, ten spyte daarvan dat die nasionale koerante nog steeds konsekwent geweier het om betaalde advertensies vir daardie noodhulp op te neem. Alleen en sonder medewerking — ja selfs met die bittere teëwerking van sekere Afrikaanse organisasies — het die Ossewabrandwag hierdie reuse-taak verrig om mede-Afrikaners van ondergang te red. Daarmee het hy getoon dat hy, en hy alleen, die ware sosialistiese broederskap van die Afrikanerdom verteenwoordig.**

Hierdie £50,000 wat die O.B. aan die versorging van Afrikanergesinne bestee het op 'n tydstip toe hy moes veg om die blote bestaan van sy organisasie teen die aanslae van 'n hele parlement vol politici, en toe hy hierdie geld baie beter kon bestee het vir die aankoop van 'n eie pers, is die waarborg aan die Afrikaner volk dat hy nou vir die eerste maal 'n politieke organisasie het wat waaragtiglik nasionaal en sosiaal is. **Vir die eerste keer het ons volk kennis gemaak met 'n beweging wat nie net met woorde troos nie, maar wat met die donderende daad ingryp en red.**

### NOOIT MOEG GEWORD

Met hierdie £50,000 het die O.B. ondanks die weiering van sy advertensies deur die H.N.P.-koerante — hom nie net tot hulp van sy eie lede beperk nie, maar ALLE Afrikaners wat weens hul republikeinse oortuiging in moeilikheid gekom het, gehelp. Selfs diegene wat deur nasionale politici opgestook is teen die Ossewabrandwag, maar later weer deur hulle na die Armsorgraad verwys is toe die verkiesingsfonds belangriker geword het as hulpbehoewende volksgenote, het die O.B. van die vernedering gered om soos armlastiges vir aalmoese te gaan aanklop. Ook hulle wat tot vyandskap mislei is, het die Ossewabrandwag gehelp sonder om te verwyt.

Toe honderde Afrikaanse broodwinners in Februarie 1942 deur die Empire-regering in tronke gestop is, het die Kommandant-generaal die Ossewabrandwag opgevorder vir die instandhouding van daardie gesinne. **Agt-en-twintig maande lank het die Ossewabrandwag daardie taak uitgevoer en nooit moeg geword nie, hoewel ander organisasies ná enkele maande moeg geword en hul afhanklikes na die Armsorg verwys het. En selfs na twee jaar en vier maande, dreun die Ossewabrandwag se sosiale daad nog net so hard as ooit te vore. Op 21 Junie ll. het Die O.B. op veertig pond na £3,000 erken wat die kommando's vir 'n ENKELE maand byeengebring het, en dit ondanks die feit dat hulle op die oomblik besig is met hul groot insameling vir 8 Augustus, wat vir die organisasie self gaan.**

### SAL WERKERS RED

Hierdie ongelooflike daad van kameraadskap en broedertrou is die bewys dat die Ossewabrandwag die geskiedenismaker van hierdie geslag is, en daarmee is ook sy toekoms as politieke mag van die Afrikanerdom verseker. 'n Beweging van wie Afrikaanse politici twee jaar gelede gesê het dat hy „deur sy leiers gebreek is", het in daardie twee jaar £50,000 ingesamel vir hulpverlening aan mede-Afrikaners en £34,000 vir instandhouding van sy eie organisasie en stryd teen die Empire. **Sy derde groot jaarlikse poging ter stywing van sy strydfonds is op hande — 8 Augustus. Alle tekens dui daarop dat hy met hierdie poging die opbrengs van verlede jaar se £20,000 sal oortref. Indien so, sal die Ossewabrandwag, die deur politici doodgewaande Beweging, meer as £100,000 byeengebring het vir die Afrikanerstryd teen Empire en kapitalisme, waarvan die helfte gegaan het vir hulpverlening aan slagoffers.**

**HIERDIE DAAD VAN DIE OSSEWABRANDWAG IS DIE BEWYS DAT DIE BEWEGING OOK GAAN SLAAG IN SY HUIDIGE STRYD OM DIE AFRIKANERWERKER TE VERENIG MET SY VOLK.**

## U AANDEEL !

- **Die Ossewabrandwag veg vir u voortbestaan teen die kommunisme wat u van alles gaan beroof indien ons stryd sou misluk weens gebrek aan middele.**
- **U kan slegs vir uself veg deur op 8 Augustus u middele aan die Ossewabrandwag toe te vertrou!**







JOHAN HEFER

BINNE 10 DAE

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam ..........................................................

Adres ..........................................................

..........................................................

DIE O.B., WOENSDAG, 5 JULIE 1944

# Ons Gaan Regeer

Die Ossewabrandwag is 'n selfstandige magsfaktor; hy gaan aan die mag kom. So het die Kommandant-generaal op sy onlangse vergaderings in die Boland verklaar toe hy terselfdertyd die kragte van die O.B. gratis aangebied het aan diegene wat in die huidige omstandighede 'n aanslag wil maak op die kapitalistiese bewind in die parlement. Ons het hier te doen met 'n baie belangrike verklaring vir sowel die Ossewabrandwag as die Afrikanerdom in sy geheel.

Op bladsy een in hierdie uitgawe verskyn die opsienbare aankondiging dat die Ossewabrandwag in die afgelope agt-en-twintig maande die reusagtige bedrag van £50,000 ingesamel en uitbestee het **vir die onderhoud van daardie gesinne wat die enigste liggaamlike offers vir die vryheidstryd in hierdie tyd gebring het.** Dit is 'n feit van die hoogste betekenis. Dat die Ossewabrandwag onder die kwaaiste aanslae van alle demokrate en hul dagblaaie homself kon handhaaf, is genoegsame bewys dat hy 'n verskynsel in die Afrikaanse politieke lewe is wat gekom het om 'n selfstandige plek in te neem. **Maar dat hy te midde van daardie stryd om bestaan nog £50,000 sonder hulp van 'n dagbladpers en selfs met die boikot van 'n nasionale pers, ingesamel het om sy sosialistiese opvatting van almal vir een en een vir almal uit te lewe, is die grootste bewys dat die Ossewabrandwag met 'n nuwe lewensbeskouing gekom het — 'n lewensbeskouing wat in alle ander lande waar dit op die toneel verskyn het, uiteindelik oorwin en 'n ommekeer op maatskaplike gebied bewerkstellig het.** Dit is alleen te danke aan hierdie nuwe lewensoortuiging, besiel deur die daadkrag van die Volksbeweging, dat hierdie reuse-offerdaad volbring kon word. **Geen ander organisasie het en kon hom dit nadoen nie eenvoudig omdat ons hier te doen het met die vrug van 'n besondere boom — die nasionale, sosiale lewensopvatting.**

## KON NIE

'n Ander politieke organisasie met 'n magtige dagbladpers tot sy beskikking het in die waan dat hy die Ossewabrandwag vernietig het, ingespring om hierdie besondere taak van volksversorging op hom te neem. **Maar ondanks sy magsmiddele, was hy verplig om die afhanklike gesinne wat hy onder sy sorg geneem het, binne agt maande na die Armsorgraad te verwys. Dit het vir hom te magtig geword ten spyte van die feit dat hy slegs enkele van die agthonderd gesinne probeer onderhou het.** Dat die Ossewabrandwag daarenteen oorwin het in sy volharding, moet toegeskryf word nie daaraan dat hy miskien beter Afrikaners het nie, maar aan die feit dat hy die draer is van die nuwe sosialistiese toekoms van die Afrikanerdom. Dit maak die Ossewabrandwag enig op die politieke terrein; dit maak van hom die engste politieke tuiste van die huidige geslag. Daarom mag niks gedoen word wat sy selfstandigheid in gevaar kan stel nie, **want indien die Ossewabrandwag gaan troei staan in die huidige politieke stryd, kan hy dit alleen ten voordeel van die kommunisme doen — die enigste ander sosialistiese mag, maar 'n mag wat verwerp moet word weens sy brutale miskenning van alle menslike en goddelike waardes.**

## GAAN SELF REGEER

Die tweede deel van die K.G. se verklaring, sy hulp-aanbod, is nie minder belangrik nie. Voorlopig solank die noodtoestand duur, het hy gesê, stel die Ossewabrandwag as Beweging geen belang in parlementêre verkiesings nie, en eis hy vir homself geen setel nie. Nogtans is hy bereid om indien hy as bondgenoot erken word, sy gewig in te werp agter enige nasionale opposisie. **Maar dan met behoud van sy selfstandigheid, want uiteindelik is dit die Ossewabrandwag wat Suid-Afrika gaan regeer.**

Die Verenigde Party-nuusbrief het onlangs laat deurskemer dat indien die regering sy beloftes teenoor die soldate nie nakom nie, **hulle na die Ossewabrandwag sal gaan.** Die leier van die Randse Kommunistiese Party, Sachs, het onlangs voor sy bestuur gekla **dat die Ossewabrandwag die werkers verpes en besig is om die een vakbond na die ander te verower.** Die Labour Bulletin het gewaarsku **dat die Ossewabrandwag die grootste gevaar vir die uitheemse ,,labour movement'' is, en dat hy vernietigend gaan slaan sodra die na-oorlogse beloftes vervul moet word.** Hierdie vyande van die Afrikanerdom sien net een gemeenskaplike gevaar, en dit is die Ossewabrandwag, omdat hulle hom reeds erken as die toekomstige magsfaktor in ons land. **Hulle besef dat die Ossewabrandwag gaan regeer ná die oorlog. Dit is daarom noodsaaklik dat elke O.B.-lid daardie besef moet deel . Ons veg nou om ons Beweging aan bewind te bring sodat hy die grootste revolusie teweeg kan bring wat ons land nog ooit geken het. En dat hy dit gaan doen, bewys die £50,000 wat hy met die linkerhand ingesamel het onderwyl hy sy bestaan met die regterhand verdedig het.**

# Brief Aan My Demokratiese Vriend

## Bloudraad Gespan om die Boom

Geagte Volksgenoot,—Jou buurman is miskien 'n Sap. Anderkant hom woon moontlik 'n Afrikanerparty-man en jyself is miskien 'n H.N.P.-man. Julle gaan na dieselfde kerk, daar is julle een gemeenskap. Julle praat dieselfde taal, julle eer dieselfde helde, julle het dieselfde voorouers, julle het vandag dieselfde ekonomiese moeilikhede, julle gaan dieselfde toekoms in, of dit sonksyn gaan wees of verdrukking. **Of julle dit graag wil weet of nie, God het julle een lotsgemeenskap gemaak. Dieselfde gevare bedreig julle, dieselfde moeilikhede wag julle. Daaraan kan nòg jy nòg jou buurman ontkom. 'n Lotsgemeenskap, onverbiddelik, onlosmaakbaar. Dit beteken dat julle bestem is om saam te werk. As julle dieselfde lot het, sy dit goed of sleg, dan kan julle slegs in samewerking heil vind. Onderlinge stryd kan slegs ondergang vir julle albei beteken.**

'n Swerm bye bestaan slegs deur saam te werk en saam te veg. As daar te veel waterdraers in die korf is wat die heuning ten koste van die swerm opsuig, tree die swerm as geheel teen hulle op en werp hulle uit. Dan kies die een deel van die swerm nie kant by die waterdraers nie, maar saam tree hulle op teen die uitbuiters van hul gemeenskap. Kyk na die boom in jou tuin. Vra die plantkundige hoe daardie boom aan die lewe bly en groei en vrugte dra. Hy sal vir jou sê dat die boom so groot as hy is, bestaan uit ontelbare selle. Elke sel is duidelik geskei van die ander. Hulle is in verskeie hoofgroepe verdeel. Een lot se werk is om water uit die grond te suig en dit aan te gee na die ander wat ver van die water is. Die ander se taak is weer om die sonlig op te vang en dit te versprei oor die res van die boom na die ander selle. Vernietig die selle wat die lig en die stowwe uit die lug opvang en die boom gaan dood. **Die een is afhanklik van die ander, want gesamentlik vorm hulle 'n lotsgemeenskap, vorm hulle een groot geheel wat alleen deur samewerking kan bestaan.**

### SKEI HULLE !

Gaan jy nou as mens en skei daardie selle van mekaar deur 'n bloudraad op enige plek om die boom se stam te draai. Die boom sal kwyn en eindelik sterf. Dis iets onnatuurliks, **want die selle moet saamwerk, nie geskei wees nie.**

**Ons volk is net so 'n lotsgemeenskap, en tog laat ons toe dat mense van buite ons volk 'n bloudraad (partystelsel) om die liggaam draai en ons van mekaar skei! In plaas van dat ons almal saamwerk vir die beswil van die geheel, wat ook die enigste moontlikheid is vir elkeen van ons afsonderlik om gelukkig te lewe, het ons ons deur 'n vreemde konstitusie laat opsplinter in partye en beveg ons die een die ander.** En kan u nou verstaan waarom ons elke jaar meer blanke armes het, elke jaar groter armoede onder ons volk, maar groter rykdom onder die uitlanders — die ,,waterdraers'' wat leef op die vrugte van ons arbeid? Kan u nou verstaan waarom elke boer maar moet aanskou hoe sy plaas na die see verspoel en daar geen stop aan gesit word deur gesamentlike optrede nie? Kan u nou verstaan waarom die kommunisme welig tier en ons Christelike en nasionale toekoms verduister sonder dat iemand dit teengaan?

U sal dit verstaan, maar wat moet ons dan doen om die kwaad ongedaan te maak? sal u vra.

**Net deur twee dinge te doen, is my antwoord. Eerstens, deur die bloudraad te verwyder sodat ons volksbloed weer vryelik kan loop, en tweedens deur onsself as volk te organiseer op dieselfde wyse as die boom en die bye. Dit wil sê, ons moet ons so organiseer dat ons soos 'n natuurlike eenheid sal lewe.**

Ek sal aanstaande week, as die Here my spaar, vir jou verduidelik hoe daardie organisasie werk.

# DEUR BANDE GEBIND

## Kampgangers se Groot Lof vir Dissipline

,,Een van die blywende indrukke van die kamp was die eenheidsgees wat daar nie net onderling tussen die manskappe nie, maar ook teenoor die bevelvoerende offisier bestaan het,'' skryf een van die jeugveldkornette wat onlangs die Jeug- en Wagkamp op Plankfontein, Cradock, bygewoon het onder bevel van hoofkomdt. A. P. van Heerden. Hy skryf dat hy daar die uitlewing van die slagspreuk ,,een vir almal en almal vir een'' ervaar het. **As voorbeeld noem hy dat wanneer van die manne soggends op diens was en dit vir hulle moeilik was om hul tente vir inspeksie gereed te kry, hul kamerade nie gewag het nie, maar enigeen het dan ingespring en die afwesige kameraad se goed in orde gebring sodat hy gereed kon wees as die fluitjie blaas. ,,Dit was 'n kwessie van plig teenoor jou naaste en sy belange.''**

Die briefskrywer praat verder met die hoogste lof van die dissipline en die lesings wat gehou is. ,,Daar bestaan by ons nie meer die minste twyfel oor die koers waarop ons afstuur nie, en dat dit alleen ons nuwe gesagstaat is wat al die verskillende probleme te bowe sal kom. Hy sluit sy brief met die versekering dat hy enige kamp binne sy bereik weer sal bywoon.

Verskeie ander persone wat die kamp bygewoon het, het briewe van waardering aan komdt. Van Heerden gerig. So kryf een van hulle: **,,My durf is so versterk dat ek voel dat ek nou honderd maal meer my kragte moet inwerp vir ons organisasie, al moet ek die finale eksamen wat ek vornemens is om aan die einde van die jaar af te lê, op die lange baan skuif. Volksbelang, so is ons geleer, gaan voor eie belang.''**

'n Ander een skryf: ,,Die netheid en die broederlike omgang van die kamplewe het my aan u en die ander offisiere gebind met bande wat sterker is as enigiets wat ons in die alledaagse lewe ontmoet. Ek sal graag andermaal onder u bevel wil kampeer.''

# O.B. AAN DIE VOORAAND VAN SY MEES GESKIEDKUNDIGE JAAR

**8 AUGUSTUS 1944**

*Verstewig nou die onderlinge band van Kameraadskap en Lotsgemeenskap*

deur

**PASSENDE HERDENKINGSKAARTJIES**

*aan u strydgenote te stuur.*

'n Nuwe Instelling. Goedgekeur deur die KOMMANDANT-GENERAAL.

*PRYS: 6/- per dosyn met koeverte. Oplaag uiters beperk. Bestel dus dadelik van:—*

PUBLICITÈ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892, JOHANNESBURG.

AS U 'N PLAAS OF HUIS WIL KOOP OF VERKOOP,
raadpleeg eers
**PRAEDIUM AGENTSKAP**
Algemene, Boedel, Eiendoms, Assuransie en Finansiële Agente.
Zimansgebou 9–10, H/v. Mark- en Harrisonstr., Posbus 6072, Johannesburg.

WIL U 'N ORDENTLIKE PAK KLERE LAAT MAAK ?
Besoek dan
**RAUTENBACH'S**
DIE DAMES EN MANS KLEREMAKERS
Voortrekkergebou 301 (Derdevloer)
Foon: 229535. JOHANNESBURG.

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS EN NOEM DIE O.B.

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG.
*KOOP NOU !*
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
**Werda Meubelhandelaars**
(Eiendoms.) Beperk,
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

**BETSJOEANALAND ! !**
(VRYBURG)
Direkteure: Senator I Raubenheimer en A. C. du Plessis.
PLASE ! ERWE ! ! HUISE ! ! !
GELD ! ! !
Wil u 'n plaas of huis koop of verkoop, huur of verhuur? raadpleeg die ou
BETSJOEANALAND (VRYBURG) STOCK FAIRS (EIENDS.) BPK.,
40(a) du Plessis Geboue, Markstraat.
Posbus: 170 — Telg.: ,,Fairagent.''
V R Y B U R G.

**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

# O.B. Bring Nasionalisme na Stad En Sosialisme na Platteland

## Rustenburgers Stel Mooi Voorbeeld

**Die Boerejeug van generaalskap F5 (Rustenburg en omgewing) het andermaal gewys wat uitgerig kan word as die wil maar net daar is. Kommando F5b2 het vir 31 Mei 'n funksie te Elandskraal in die distrik van Rustenburg gereël en jeugkommandant K. Behrens het besluit dat sy eenheid hul eie blaasorkes op die been gaan bring en dat hulle met daardie geleentheid sou optree. So gesê, so gedoen!**

Jeugkommandant Behrens het sy moontlike musikante bymekaargemaak en sowat tien dae voor die funksie het hulle die nodige instrumente vir ongeveer £45 aangekoop en wel op skuld. Van die O.B.-lede het borg gestaan. Die blaasorkes is afgerig en op 31 Mei was hulle op Elandskraal. En die Rustenburgers was deeglik bewus van hul teenwoordigheid. Aan die aanwesiges is verduidelik dat die orkes vir hulle diens gaan lewer en hulle moet dan self oordeel of hulle bereid is om vir die diens te betaal. **Die orkes het begin speel en binne 'n paar minute is £50 bygedra tot bestryding van die koste van die orkes.** Die instrumente is betaal en die orkes is nog met 'n neseier gelaat! Die orkes het verder die dag vir die boere dit goed warm gemaak op die funksie. **Die gevolg was dat nog 'n verdere £102 ter stywing van die Kommandokas ingesamel is.**

Dr. P. J. Meyer, Voorligtingshoof, het as spreker opgetree. Hy het die geskiedenis van die stryd van die Afrikanerwerker teen die kapitalisme van 1884 af behandel en veral daarop gewys dat die werkers nog geen erkenning vir hul opofferings ontvang het nie omdat die partypolitiek net op die nasionale stryd teen die imperialisme ingestel is en nie ook die noodsaaklikheid vir die gelyktydige sosiale stryd teen die kapitalisme ingesien het nie. Die Afrikanerwerker is aan sy eie lot oorgelaat en diegene van hulle wat in die stryd teen die kapitalisme belanggestel het, moes dit onder die Britssosialistiese of kommunistiese vaandel doen. **Gelukkig het die O.B. intussen op die toneel verskyn en hierdie leemte in ons volkspolitiek aangevul. Vandag besef die Afrikanerwerker dat hy met die O.B. gelyktydig die nasionale stryd teen die imperialis en die sosiale stryd teen die kapitalis voer. „Die O.B. besef dat nasionalisme veilig is in die hande van die stedelike Afrikaner en dat sosialisme veilig is in die hande van die plattelandse Afrikaner", het genl. Meyer verklaar.**

Die verrigtinge van die dag is verder opgeluister deur 'n pragtige optog van die Boerejeug waaraan sowat 60 seuns en dogters deelgeneem het. Met hul trotse blaasorkes vooraan het die verskillende eenhede flink met hul vlae voor die verhoog verby gemarsjeer terwyl hoofkomdt. M. M. Smith, Jeughoofkommandant vir Gebied F, die saluut geneem het. Die vergadering was onder leiding van komdt. H. Vorster. Genl. C. Fouché en ander leidende offisiere van die generaalskap was teenwoordig. Komdte. F. C. Mans, van Zwartruggens, het ook die vergadering op besielende wyse toegespreek.

## HELDEDAG VANJAAR BY KOFFIEFONTEIN

**In sy toespraak op Maitland het die Kommandant-generaal aangekondig dat die Ossewabrandwag voornemens is vanjaar Heldedag in die nabyheid van die Koffiefonteinse interneringskamp te gaan vier.**

## ERESKULD

Die maandelikse vendusie op Hertzogville word deur die plaaslike vrouekommando te baat geneem om verversings te verkoop ten bate van die Noodhulpfonds.

In die hitte en reën van die somer, in die bitterste koue van die winter, het hierdie vroue so getrou hulle ereskuld betaal, dat selfs persone wat die O.B. nie goedgesind is nie, besef dat sulke volharding slegs in die Ossewabrandwag te vinde is.

## WERK VIR 8 AUGUSTUS

Veldkt. N. P. Coetzee van Blikfontein berig dat sy mense reeds fluks besig is met die insameling van fondse met die oog op 8 Augustus. Hy het self in die mielielande gespring en gehelp oes. Die geld wat hy anders aan die onverkrygbare volk sou moes betaal het, gaan hy nou gebruik vir Ossewabrandwagdag. Hy spreek die hoop uit dat ander eenhede ook reeds aan die werk is.

## VERJAARDAG-IDEE

By sommige O.B.-lede in Bloemfontein het die gedagte ontstaan om op hul verjaardae 'n funksie te hou waarmee gelde ingesamel kan word vir die Noodhulpfonds. So het mnr. Nico J. Kotzé van Victoriaweg 70a, op 4 Mei sy geboortedag saam met vriende herdenk en £1-3-0 bymekaar gebring waarmee die fonds gestyf kon word. Mnr. Kotzé meen dat as elke lid op dié wyse 'n pond insamel, dit 'n geweldige bedrag sal beloop.—(Ingestuur.)


**GILFILLAN en STROH**
Die 100% Afrikaanse Fietshandel.
Ons spesialiseer in fietsreparasies; Koop en verkoop van gebruikte fietse; Handel met nuwe fietse en fietsonderdele.
Ons waarborg alle werk.
KERKSTRAAT 57B - - POTCHEFSTROOM.

*ALGEMENE HANDELAAR* en *PRODUKTE KOPER*
**S. J. KRYNAUW**
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. GARCIA en NUWESTRAAT
Foon 68 Bus 84
BEAUFORT-WES.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**

**P. A. WILKEN**
MAKELAAR, VENDUAFSLAER
BOEDELBEREDDERAAR
●
Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.
(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)
●
Takkantore:
RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.

**Schoemanello Drank....**
**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE**

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraal — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
**JURGENS SCHOEMAN,**
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

Noem die O.B. wanneer u by Adverteerders koop.

**PLUIMVEE**
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

*Pas verskyn!*
**INLEIDING TOT DIE EKONOMIE**
deur prof. dr. C. G. W. Schumann en dr. D. G. Franzsen
albei van die Universiteit van Stellenbosch.
Grootte: 8½ dm. x 5½ dm, 600 blss., 49 tabelle, 36 diagramme. Linneband.
●
Prys 19/6. Posgeld 1/- ekstra.
●
Dit is die eerste handboek oor die ekonomie wat in Afrikaans verskyn. Hier het u 'n baanbrekende werk waarin die hele onderwerp, op Afrikaanse lees geskoei, saaklik en wetenskaplik behandel word.
Vir elke Afrikaner, hetsy sakeman, prokureur, boer of student is hierdie werk van onskatbare waarde.
●
Stuur u bestelling met tjek of poswissel aan
**Pro Ecclesia-Drukkery**
Posbus 28 - - - - - Stellenbosch.

***£1000 vir u Oë***
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
***DUWAS***
*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
**DIE VOORTREKKER-APTEEK**
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).
ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.

**'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:**
„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

**MEER AS 200 KURSUSSE**
Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.
Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U."

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ..................
Naam ..................
Adres ..................
(O.B. 5 Julie 1944.)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
**HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE**
VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### PERSOONLIK

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

BOERE wil dorpenaars word, en Dorpenaars wil boere word. Nasionale Dienste, Johannesburg, bied hul dienste aan boere wat plase wil verkoop. Vir opregte en snel diens raadpleeg Nasionale Dienste, Sauergebou 18, Johannesburg. Ons het 'n magdom kopers.

AFRIKANERS van Potchefstroom ondersteun die Suid Slaghuis. Alleen die beste kwaliteit vleis word verskaf. Gelewer enige deel van die dorp. **Suid Slaghuis. A. P. v. Wyk.**

Boere ondersteun die man wat nog altyd in u belang opgetree het. Stuur u wol aan **mnr. P. W. Pohl, Port Elizabeth.** Verteenwoordiger vir Victoria-Wes, Carnarvon, Van Wyksvlei, Vosburg, Richmond, Murraysburg en Loxton. **P. W. S. Wenworth, Victoria-Wes.**

### TE KOOP

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

### HERHOLDT se BOOMKWEKERYE
### Posbus 660, JOHANNESBURG

**Julie-Augustus Planttyd:** JUBILEUM, ons spog „Kersfees Elberta" 4/6 en 3/6 elk. £6-10-0 vir 50.

SHEASBY, winsgewende heuningsoet „Nuwejaar Nektarien," geweldige draer, 3/6 elk, £6 vir 50.

SUIKERBOSSIE, suikersoet verbeterde Taai-Taaipit Pawee, 3/6 en 5/- elk.

MAGNIFICA, geurige wisvleis taaipit, mooi onder skil, ryp end Januarie, 3/6 elk.

TAAIPIT ELBERTA, pronkstuk vir huis, boord en mark, 3/6 elk.

MAGNIFICA, geurige witvleis taaipit, rooi WONDER KWEPER, regopgroeiende boom, reusagtige vrug, 3/6 elk.

GOLDEN KING, sensasiewekkende laat uitvoer Pruim, sappige geelvleis, geweldige draer, hoogste markpryse, 5/- elk, 50 of meer 3/6 elk.

C. O. SMITH, beroemde Kaliforniese geurige Perske vir warm streke, 3/6 en 5/- elk. £6-10-0 vir 50.

Hierdie is 'n paar van ons uitstaande soorte vir 1944, benewens ons beproefde vroeg tot laat soorte Perskes, Appelkose, Pruime, Vye ens. Graad 1 bome, 2/6 elk, 50 of meer 2/- elk, £8 per 100, plus verpakking. Ons deskundige hulp met uitsoek van gewenste soorte verseker **sukses en tevredenheid!**

WINGERDSTOKKE: Sorgvuldig uitgesoek vir u klimaat, beste wit, rooi en swart tafelsoorte 12/6 en 18/6 per dosyn. Nuutste Amerikaanse, Spaans en Argentynse soorte ingesluit, 25/- vir 6, 45/- per dosyn.

ROSE: Beperkte hoeveelheid nog beskikbaar, bekoorlike kleure:— „ULTRA SUPER" VERSAMELING, 25/- vir 6, 45/- per dosyn. „SUPER UITDAAG" VERSAMELING, 18/6 vir 6, 35/- per dosyn. Verpakking 1/6.

Geharde SIERBOME, PALMS, STRUIKE, en HEUNINGBOME.

Bestel sonder versuim, voorrade word vinnig opgeboek. DEPOSITO of KONTANT moet bestelling vergesel. Pryslys op aanvraag. (a)

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: **J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.**

BESTEL dadelik dagoud kuikens, Australorps en Leghorns. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Bestellings vol tot einde Augustus. Vanaf daardie datum 3,000 per week beskikbaar teen £6 per 100. Vooruitbetaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, P.K. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.**

**MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies.** 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

**MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak** waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

OPREGTE Chantenay en Nantes Wortelsaad 8/- per pond.

BESTE Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid. K.M.B. Posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, „Rus en Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

### TE KOOP

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

KOOP DIREK VAN DIE BOER. — Kaapse geel of strooi uiesaad teen 5/6 per pond en Australiese bruin teen 6/- per pond. Goedgekeur volgens Goewernements Sertifikaat No. 0670 en gesertifiseer as gesond, vry, goed en skoon. Ook lusernsaad, gesond en mooi teen £7-7-6 per 203 pond. Uiebolle, Australiese bruin en Kaapse geel teen 14/6 per mud. Kontant met bestelling. **D. M. v. d. Walt, P.K. De Rust, Dist. Oudtshoorn.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6; 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

VARKE. — Large Black soggies en beertjies, 4 maande oud. Vader geregistreer Benmorebloed, moeder volbloed. Prys £5-5-0. Vader, moeder en kleintjies 1ste prys wenners asook Conradie- en de Wet-beker wenners. Gelewer Klaasvoogds. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

BESTE gehalte **Karomis**, ongemaal, in trokke gelewer Hondewater-Sylyn; £10 per 20 ton trok. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

TEEN billike pryse, Spaiders, Kap-karre, Veerwaentjie met Kap, Kerfmasjiene, Lusern-snymasjiene, Lusern „Cultivators," een Ransomes 3-voor Trekker-Skottelploeg. Almal in goeie orde. **G. Kleyn, P.K. Le Roux-stasie.**

### BETREKKINGS VAKANT

BENODIG assistent vir Argitekskantoor. Meld kwalifikasies, salaris verlang, en wanneer dienste aanvaar kan word. Rig aansoeke aan **J. Anthonie Smith, Argitek, 7de Vloer, Groote Kerkgebou, Kaapstad.**

### DANKBETUIGING

**Komdte. J. B. Norgarb** (E2b7) en haar Kommando wil graag al die Kommandantes van naburige Kommando's en hulle helpers hartlik bedank vir hulle hulp en ondersteuning met die handwerk- en babatentoonstelling van 17 Junie. Elkeen vir almal. Almal vir elkeen.

### DOODBERIG

**JOUBERT.** — Deur 'n ongeluk van ons weggeruk op Sondagmiddag, 25 Junie, Francois, oudste en liefste seuntjie van Fanie en Toetie Joubert, Môreson, Bellville, in die ouderdom van 10 jaar. Diep betreur deur sy vader, moeder, suster en broertjies.

## K.G. WEK GEESDRIF OP SWELLENDAM

Die Kommandant-generaal het verlede Maandagaand 'n baie mooi vergadering in die stadsaal van Swellendam toegespreek. Dit is gelei deur komdt. dr. Steyn. Genl. Gildenhuys het ook 'n toespraak gehou, en 'n koor wat spesiaal van Heidelberg af gekom het, het verskeie O.B.-liedere gesing. Die Wag het 'n mooi indruk gemaak.

Die saal het ruim 500 mense bevat onder wie 'n aansienlike deel agter in nie-lede was. **Aanvanklik het hulle hul afsydig gehou van die verrigtings, maar nadat die K.G. die eenheidsgedagte van die O.B. uiteengesit en beklemtoon het dat die O.B. nie aan Nasionaliste en Sappe wil dink nie maar net aan Afrikaners, het daar geesdrif by hulle ontstaan wat uiteindelik 'n hoogtepunt bereik het toe die K.G. die eenheid van die werker met sy volk verduidelik het.** Die K.G. het aangetoon hoe die Ossewabrandwag besig is om die werker saam met sy volk in te skakel sodat die platteland saam met die stedelike werkers wat net sulke Afrikaners is as die ander, sal veg vir hul gemeenskaplike bestaan. **So onder die indruk van die nuwe gedagte het 'n werker gekom, dat hy baie vroeg die volgende dag by die Generaal se huis was om in te skryf as lid. „Ek verstaan nou eers die nuwe gedagte wat die O.B. vir ons gebring het", het hy verduidelik.**—(Meegedeel.)

**ROMMELVERWERKING:**

● Saag garingtolle deur, skuur glad en trek oor met materiaal om te dien as knope.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

## *VERJAARDAGKETTING*

**6 Julie:** Johnie Hickman, Windmeul; Dirkie E. A. du Preez, Steenbokfontein.

**7 Julie:** Esther du Toit, N. Paarl; Beyers Theron, Die Strand; Maria Hugo, Tiervlei; Deone van der Merwe, Bellville; Adriaan Fourie, Observatory.

**8 Julie:** Magdalena Kapp, Glenroy; Gertbreg M. van Dyk, Steenbokfontein; Kowie Lombard, Agter Paarl; Yvonne A. du Toit, Observatory.

**9 Julie:** Cornelus de Jager, Dendron; Maria Froneman, Middelburg, Tvl.; Johny A. P. van Wyk, Stellenbosch.

**10 Julie:** Johannes Hendrik Blom, Merweville; Anna Jordaan, Sutherland; Jacobus P. v. d. Berg, Woodstock; Max Steyn, Karreedouw; Rina Keyser, Loxton; Griesstoffel J. Strydom, Rust.

**11 Julie:** Anna Kruger, Rustenburg; M. C. Franken, Caledon; Yvonne Marais, Southfield.

**12 Julie:** Johanna A. Grobler, Pietersburg; Jacomina J. Zwart, Aughrabies; Jean Botha, George; Sophie Lutz, N. Paarl.

## *Goeie Voorsorg*

'n Dametjie wat nou nie juis groot belangstel in politiek nie, het onlangs saam met 'n vriend 'n besoek aan die parlement gebring. Die onwaardige atmosfeer in hierdie twiskraal het so 'n indruk op haar gemaak dat sy so ewe doodluiters by die uitgaan opmerk: „Dis darem goed dat hulle nie sommer enige persoon hier toegang verleen nie."

**ONDERSTEUN ! ! ! !**

**Poskantoor Haarkappers**

**Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA**

vir

DAMES en MANS

**Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT**

**G. A. FICHARDT, Beperk**

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)

**MASJINERIE, YSTERWARE, PRODUKTEHANDELAARS**

Foon 700 Opgerig 1848

**BLOEMFONTEIN**

***VRIENDE!***

STUUR U PRODUKTE EN LEWENDEHAWE AAN

**PRINSLOO en VENTER**

EN WEES VERSEKER VAN DIE BESTE UITSLAE EN BEHANDELING.

**Môremark — Pretoria**

Welgemoedgebou, v. d. Waltstraat 252,

(Foon 2-2203 — Posbus 361)

PRETORIA.

**DIE NUUTSTE IN DAMES-**

**FELT-HOEDE**

en

**WINTERJASSE**

by

Steyns

**PAROW**

**DIE MODERNE DAMESMODISTE.**

**VAN ZYLS**

MANS-, SEUNS- EN SPORTUITRUSTERS.

BESOEK ONS VIR AL U BENODIGHEDE.

**DIE PAARL**

OOK TE PORTERVILLE.

**ONS MENSE.....**



in die goeie ou dae toe die lewe nog so maklik gegaan het, soos dit nou vir ons lyk. 'n Prent van 'n gelukkige, versorgde huisgesin !

Vandag se portret en modes lyk anders. Ook die lewenswyse het totaal verander. Maar één ding bly nog dieselfde—die behoefte aan versorging vir die gesin. En in vandag se haastige, drukke lewe is 'n veilige middel steeds

*'n Sanlam-polis*

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —

HOOFKANTOOR. WAALSTRAAT 28. KAAPSTAD